

## Die Sabbat – 'n Gebod vir almal?

Te alle tye, wanneer God op 'n spesiale manier op aarde gewerk het deur Sy Gees, het die begeerte in die harte van Sy kinders opgekom om te lewe volgens die Woord van God en om alles te doen volgens Sy bevele. Die Gees van God wek hierdie verlange in die mens deur die erns van die proklamasie van die Woord. Dieselfde bybel-vrae kom amper altyd op, maar die opinies daarvoor verskil heeltemal.

In hierdie ondersoek wys ons die *bybelse* standpunt aangaande die Sabbat; nie die van 'n spesifieke geloofsrigting nie. Ons hou uitsluitlik by wat geskryf is in die algehele getuienis van die Bybel. Eerstens moet ons altyd ag slaan op wanneer, vir wie en vir watter doel God 'n doktriene of 'n gebod gee. Dit is ook absoluut belangrik om al die Skrifte, wat hoort by 'n spesifieke onderwerp, in ag te neem.

Na die voleindiging van die skeppingswerk, het God gerus op die sewende dag. ***“En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak”*** (Gen. 2:3).

Ten spyte van die klem wat op die sewende dag geplaas is, het byna tweeduisend-vyfhonderd jare verby gegaan vanaf Adam, deur Henog, Noag en Abraham, voor die wetsgewing, waartydens die Sabbat nog nie eens genoem was nie.

Eers daarna het die HERE God oor die Sabbat beveel: *“Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig ... Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; **Maar die sewende dag is die Sabbat** van die HERE jou God; dan mag jy geen werk doen nie ... Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus.*

*Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig" (Exo. 20: 8-11).*

In Exodus 31 verse 12-17 word die Gemeente van Israel drie kere verplig aangaande die Sabbat: **"Julle moet sekerlik my sabbatte hou, want dit is 'n teken tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek die HERE is wat julle heilig ... en die kinders van Israel moet die sabbat onderhou deur die sabbat te vier in hul geslagte as 'n ewige verbond. Tussen my en die kinders van Israel is dit vir ewig 'n teken ..."** Soos ons kan sien het die HERE Sy verbondsvolk gebonde gemaak aan die Sabbat op 'n baie spesiale manier.

So, die HERE God het aan Sy volk Israel **die sewende dag** van die week verordineer as hulle geheiligde rusdag. Hy het ook die **sewende jaar** aangewys as die "Sabbatjaar" – 'n jaar van rus vir Israel: *"en ses jaar lank mag jy jou land besaai en die opbrengs daarvan insamel; maar in die sewende moet jy dit ongebruik en braak laat lê, dat die arm mense van jou volk kan eet ..."* (Exo. 23: 10-11). Net so het God ook aan Sy verbondsvolk, Israel, die vyftigste jaar as 'n jubeljaar verordineer. Na **sewe maal sewe jare**, het die jubeljaar gevolg. Op die Versoendag was met die basuin uitgeroep: **"Jy moet ook sewe jaarweke tel, sewe maal sewe jaar, sodat die dae van die sewe jaarweke vir jou nege-en-veertig jaar is. Dan moet jy in die sewende maand, op die tiende van die maand, 'n basuingeklank laat deurgaang; op die versoendag moet jy die basuin deur die hele land laat gaan. En julle moet die vyftigste jaar heilig, en 'n vrylating in die land uitroep aan al sy bewoners. Dit moet vir julle 'n jubeljaar wees; dan moet julle elkeen na sy besitting, en elkeen na sy geslag teruggaan"** (Lev. 25: 8-11). Die sewende dag, die sewende jaar en die jubeljaar het spesiale betekenis vir Israel.

Soos ons gesien het, het die HERE God Sy verbondsvolk van die Ou Testament verplig tot die waarneming van die Sabbat op 'n spesiale manier. Die HERE Jesus het elke geleentheid gebruik om te praat met diegene wat op die Sabbat byeengekom het om te aanbid. Hy Homself het ook die Sabbat gerespekteer en geheilig, maar het op die Sabbat genees en gered, want Hy is die HERE van Sabbat (Luk. 6:5). *"Die Sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die Sabbat nie"* (Mark. 2: 27-28). Daarom kon hulle 'n os of 'n skaap uit die put haal, sou een daarin val (Luk. 14:5). Die apostels het óók elke geleentheid gebruik om die Woord van God op die Sabbat te verkondig (Hand. 17:2; 18:4).

Sabbat beteken "rus", soos Shalom "vrede" beteken. Nadat God die skeppingswerk voltooi het, het Hy gerus en nadat Hy Sy verlossingswerk voltooi het, lei Hy Sy verlostes na Sy rus nl, in vrede met God deur Jesus Christus, onse HERE.

Maar die hele volk van Israel, aan wie die wet en die beloftes eintlik behoort het (Rom. 9:4), het jammerlik nie die geestelike betekenis, wat deur die sewende dag uitgebeeld was, besef nie. So spreek die HERE: *"... Hulle is 'n volk met 'n dwalende hart, en hulle ken my weë nie; sodat Ek in my toorn gesweer het: Waarlik hulle sal in **My rus** nie ingaan nie"* (Ps. 95: 10-11).

Die volgende teregwysing moes aan die volk van Israel, wat die Sabbatdag as "uiters heilig" gerespekteer het, gegee word, *"maar hulle was wederstrewig en het sy Heilige Gees bedroef; daarom het Hy vir hulle in 'n vyand verander: Hy self het teen hulle gestry"* (Jes. 63:10). Maar van die minderheid, wat nie volgehou het in ongeloof en ongehoorsaamheid nie, was daar gesê: *"Soos vee wat aftrek in die laagte, het **die Gees van die HERE hulle na die rus gelei ..."*** (v.14).

In die brief aan die Hebreërs is die onderwerp oor die Sabbatsrus in die 3de en 4de hoofstukke genoegsaam aandag gegee, met verwysing na Psalm 95 en in vergelyking met die ou-testamentiese verbondsvolk. Uit die lig van die Nuwe Testament haal ons aan: *"Daarom, soos die Heilige Gees spreek: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie ... altyd dwaal hulle met die hart. Maar hulle het my weë nie leer ken nie"* (Heb. 3: 7+10). Deur hulle ongeloof en ongehoorsaamheid kon hulle egter nie God se rus nie ingaan nie, ten spyte van die feit dat hulle die Sabbat getrou gehou het. Daarom staan dit in Hoofstuk 4 geskrywe: *"Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog stand hou, ... want ons wat geglo het, gaan die rus in, soos Hy gesê het ... terwyl dit dan so is dat sommige daar ingaan, ... bepaal Hy weer 'n sekere dag, – die dag van verlossing (Jes. 49:8; 2Kor. 6:2) – Vandag, as Hy soveel later deur David spreek, soos gesê is: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie. Want as Josua aan hulle rus gegee het, sou Hy nie van 'n ander dag daarná spreek nie. Daar bly dus 'n Sabbatsrus oor vir die volk van God"* (Heb. 4: 1-10). Hier praat dit nie van 'n "rus op 'n Sabbatdag" nie, maar oor die Sabbatsrus, die rus van God. Soos God inderdaad gerus het van die skeppingswerk, so rus ook al die kinders van God aan die einde van die werk van verlossing, in Hom.

In Hebreërs 8 vers 7 lees ons: *"Want as hierdie eerste een (die verbond) onberispelik was, sou daar nie plek vir 'n tweede gesoek word nie"* En dit is ook geskryf: *"Want die wet wat 'n skaduwee het van die toekomstige weldade, nie die beeld self van die dinge nie, kan nooit ... die wat toetree, ... tot volmaaktheid lei nie"* (Heb. 10:1). Jesus, ons Verlosser, was die antwoord; slegs deur Hom alleen kan ons die doelwit bereik. Hy doen 'n beroep op almal: *"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle*

**rus gee.** *Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart en **julle sal rus vind vir julle siele***" (Matt. 11: 28-29).

Met die aanvang van die nuwe-testamentiese Gemeente, in die tyd van genade, wou daar broeders wat gelowig geword het, onder die regulasies van die wet lewe. Die vraag was toe hoe dit toegepas moes word op die gelowiges uit die nasies. In hierdie verband lees ons in Handeling 15 verse 19 en 20: *"Daarom, oordeel ek dat ons die wat uit die heidene hulle tot God bekeer, nie moet bemoelik nie, maar aan hulle skrywe, dat hulle hul moet onthou van die dinge wat deur die afgode besoedel is en van hoerery en van wat verwurg is, en van bloed"*. Vanuit vers 28 sien ons duidelik dat hierdie besluit nie die gevolgtrekking van die apostels en die ouderlinge was nie, maar die van die Heilige Gees, soos daar geskrywe is: ***"Want die Heilige Gees en ons het besluit om verder geen las op julle te lê nie as hierdie noodsaaklike dinge ..."***

Paulus skryf: *"Die een ag die een dag bo die ander, die ander ag al die dae gelyk. Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees"* (Rom. 14:5). As dit nodig was vir die gelowiges van die nasies, sou die apostels 'n dag aanwys. Paulus het dit egter aan elkeen gelaat om te besluit: *"Hy wat die dag waarneem, neem dit waar tot eer van die HERE"* (Rom. 14:6). En wie dit doen vir die HERE, laat al die ander in vrede!

Die apostels leer nêrens oor die hou van 'n dag nie. Hoewel Paulus se Briewe gelees is deur beide Jode en heidene van daardie tyd, het hy nie aangedring dat hulle die Sabbat moet hou nie. Vir die Jode was dit in elk geval vanselfsprekend. Die betekenis van die feesviering het vir hulle behoue gebly in die Nuwe Testament. So het Paulus gehaas om op pinksterdag in Jerusalem te wees (Hand. 20:16).

So, in die Nuwe Testament gaan dit nie meer om 'n weekdag nie, maar om 'n blywende vrede met en die ewige rus in God. Ons is nie net na aan God en geheilig vir 'n dag nie, maar vir ewig. Hy het ons Sy woning en werk van genade gemaak. So het ons van ons eie werke tot rus gekom en ons rus nou in die lewende God. Daarom is dit nou vir ons die "Sabbatsrus" en nie die "rus op die Sabbatdag" nie. In die eerste verbond het die mens fisiese rus nodig gehad op 'n spesifieke dag; onder die Nuwe Verbond vind ons almal geestelike rus vir die siel, elke dag. Sedert die instelling van die Sabbatdag kan elkeen daarin rus. Maar dit is die ware rus en vrede in God deur Jesus Christus, onse HERE.

Na die stigting van die nuwe-testamentiese Gemeente is daar nie 'n enkele verwysing dat die apostels sou voldoen het aan die Sabbatsbevel op die ou manier nie. Paulus het, gelei deur die Gees, die volgende woorde van waarskuwing geskryf: "*Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of **sabbat** nie*" (Kol. 2: 16-18). Hierdie teks is baie insiggewend, veral die term "*oordeel*". Is dit nie so dat diegene wat die Sabbatdag waarneem, ander veroordeel nie? Hulle ontken andere heil in Christus en skryf hulle selfs af as die antichris. Maar volgens die Skrif, was nóg die besnyding (Gal. 6: 15-16, o.a.), nóg die waarneming van die Sabbatdag, van toepassing op gelowiges van die nasies.

Dit is welbekend dat die HERE Jesus op die Sabbatdag in die sinagoges en in die tempel, geleer het en die koninkryk van God verkondig het. Ook die apostels, veral Paulus, het hierdie dae van byeenkoms gebruik as geleenthede om aan die mense die Woord van God te verkondig. Paulus het twee jaar lank in Éfese gepreek, eerste in die sinagoges, maar toe ook later in 'n openbare plek (Hand. 19:8). Die evangelie kan 'n mens sowel verkondig op 'n Sa-

terdag en 'n Sondag en enige ander dag van die week.

Sodra die tyd van genade vir die nuwe-testamentiese Gemeente uitgeloop het, begin 'n nuwe era wat verband hou met Israel; die verordeninge van God met betrekking tot die Vredesryk, sal dan op aarde geld. In Jesaja 66 vers 23 is dit geskryf: *"En elke maand op die nuwe maan, en elke week op die Sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE"*. En ook: *"En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die huttefees te vier"* (Sag. 14:16).

Ook dit wat die HERE God ingestel het vir die periode van die Vredesryk, word vervul, want daar is geskrywe: *"Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie"* (Matt. 5:18).

## Die Sondag

In die Nuwe Testament is daar geen uitdruklike verordeninge om Sondag te vier nie, of om die Sabbatdag viering te vervang daarmee nie. In die hele Bybel vind ons ook slegs die aanduiding van die viering van die sewende dag van die week, naamlik die Sabbatdag. Geen ander dag was toe al by die naam genoem nie. Dit sê net: *"Op die eerste dag na Sabbatdag"*, of: *"die eerste dag van die week"* (Joh 20: 1), ens. Die dae van die week met die verskillende name is van heidense oorsprong, ook "Dag van die Son" – die Sondag. Maar ons is net geïntere-seerd in die goddelike aanduidings, die "laaste" en "eerste" dag van die week, volgens die Heilige Skrif; die res laat ons oor aan Hom wat regverdig sal oordeel.

Die vier evangelies getuig eenstemmig dat die opstanding van die HERE Jesus op die eerste dag van die week gebeur het, nl, die dag ná die Sabbat: "*En toe die Sabbat verby was ... nadat Hy opgestaan het, vroeg op die eerste dag van die week ...*" (Mark. 16: 1,9). Deur die opstanding van die HERE het die "eerste dag" van die week betekenis gekry, wat reeds uit die Ou Testament vooruit gespreek was. Op dieselfde dag het die opgestane HERE verskyn aan Sy eie: "*En twee van hulle was dieselfde dag op pad na 'n dorp, wat agt myl van Jerusalem af was, met die naam van Émmaüs*" (Luk. 24:13).

Jesus het vir hulle 'n besondere bybelles gegee wat die hele Ou Testament, vanaf die wette van Moses, die Psalms en die Profete gedek het, en hulle die Skrifte laat verstaan. Op die eerste dag van die week geskied dan: die opstanding; die wandeltog na Émmaüs met Sy dissipels; die aankoms by die huis; die broodbreking, waaraan hulle Hom erken het (Luk. 24: 13-35), en die aand besoek die Opgestane al Sy dissipels: "*En toe dit aand was op daardie eerste dag van die week en die deure waar die dissipels vergader het uit vrees vir die Jode, gesluit was, het Jesus gekom en in hul midde gestaan en aan hulle gesê: Vrede vir julle*" (Joh. 20:19).

Daar staan ook geskryf: "*En agt dae daarna was sy dissipels weer binne, en Thomas saam met hulle*" (Joh. 20:26). Hoekom presies 'n week later? Hoekom nie na drie of vyf dae nie? Wat 'n voorreg is dit, dat ons nie deur mense geleer word nie, maar deur God se Woord! Nie net was die dissipels in Jerusalem deur God aangemoedig om byeen te kom op die eerste dag van die week nie, maar ook Paulus, want daar is geskrywe: "*En op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek ...*" (Hand. 20:7). Is dit tog nie wonderlik om, deur die leiding van die Heilige Gees, die Skrif te verstaan nie! Paulus het brood gebreek met

die heiliges op die dag ná die Sabbatdag; daarmee volg hy die voorbeeld van die HERE, wie na Sy opstanding uit die dood vir die eerste keer brood gebreek het op die eerste dag van die week, by Émmaüs. En ons sal dit vier in ons aanbidding, of dit Saterdag of Sondag is, tot Sy wederkoms (1Kor. 11:26).

Dat die Heilige Gees Paulus gelei het om die byeenkoms op die eerste dag van die week te beklemtoon, dui op 'n baie besondere betekenis. Hy kon eenvoudig net geskryf het: "Ons moet bymekaar kom om brood te breek", sonder om "*op die eerste dag van die week*" te genoem. Ook hierin is die wysheid van God in Sy kinders geregverdig. Dus, wanneer ons op die eerste dag van die week byeenkom ter betragting van die Woord, vir gemeenskap, gebed en die breking van die brood, dan is dit beslis in lyn met die praktyk van die HERE en die apostels en dus in die wil van God. Terloops, die vroeë Christene was so kragtig aan die brand met die vuur van die Heilige Gees dat hulle elke dag byeen gekom het: "*... En hulle het nie opgehou om **elke dag** in die tempel en van huis tot huis te leer nie, en die evangelie te verkondig dat Jesus die Christus is*" (Hand. 5:42).

Dat Paulus die eerste dag van die week baie besonders geag het, sien ons ook daarin, dat hy die heiliges aangesê het dat "***op elke eerste dag van die week** moet elkeen van julle self opsy sit ...*" (1Kor. 16:2). Ons kan nie anders as om te glo, soos die Skrif sê, naamlik, dat alles gedoen moet word met die bekragtiging van twee of drie getuies. Die HERE het getrou aan Sy mense ook voorsorg getref in hierdie saak. Reeds In die Ou Testament was daar al heengewys na hierdie dag. In Levitikus 23 vers 7 staan geskrywe: "***Op die eerste dag** moet daar vir julle 'n heilige vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie*". In die 10de en 11de verse staan:

*"As julle ... die opbrengs oes, moet julle **die eerstelingsgerf** na die priester bring ... **die dag ná die sabbat** moet die priester dit weef"* ("weef" vertaal as: "beweeg"). Die eerstelingsgerf was ook deur die priester op die eerste dag van die week geweef. Wat 'n kragtige teëbeeld lê hierin oor die nuwe-testamentiese siele-oes van eersgeborenes!

Die priester moes die gerwe op die eerste dag van die week voor die HERE weef. Ons kan maklik verstaan wat bedoel word met "weef". Enkele are was saam gevleg om 'n gerf te maak (Ps. 126: 5-6). Jesus Christus is die "eerstelingsgerf" en die nuwe-testamentiese Gemeente die "eersgeborenes" wat Sy liggaam is. Al die lede is verbind met die Hoof en met mekaar. Hy is die koringkorrel wat in die grond geval het (Joh. 12:24), en die wat syne is, die ryp koring wat geoes en ingesamel word in die hemelse skure (Matt. 3:12).

In die Ou Testament het die priester die natuurlike gerf geweef. In die Nuwe Testament weef Jesus Christus, die Hoëpriester van ons belydenis, die uit-die-aarde gekoopte eersgeborenes, as die eerstelingsgerwe – in Hom lewe ons, word ons geweef en bestaan ons (Hand. 17:28).

Die betekenis van "eerste dag" is duidelik aan almal as hulle dit net wil sien. *"Dan moet julle tel van **die dag ná die sabbat**, van die dag af as julle die (weef-offergerf) bring – **sewe volle weke moet dit wees; tot die dag na die sewende sabbat ...**"* (Lev. 23: 15-16). Hierdie woorde beskryf akkuraat wanneer die eersteling met die heiliges Gees gevul sou word. Dit gebeur na 7 x 7, dws, na nege en veertig dae, op die Pinksterdag, die vyftigste dag. Presies op die vyftigste dag na Christus, die Eersteling, oorwin-nend uit die dode opgestaan het, het die uitstorting van die Heilige Gees plaasgevind. Dit het gebeur die

dag wat volg op die sewende Sabbatdag. So, reeds in Ou Testament gee God 'n voorskou van die opstanding en die uitstorting van die Gees op die eerste dag van die week.

Volgens die Skrif het nie net die opstanding nie, maar ook die uitstorting van die Heilige Gees gebeur op die eerste dag van die week. Wie wil teen sulke duidelike en waaragtige getuienis van die Skrif argumenteer? Wie nie elke woord glo soos dit geskrywe is nie, maar eerder probeer om die Skrif na eie mening toe te pas, verstaan nie God se taal nie. Enigiemand wat die algehele getuienis van die Skrif beveg, glo nie wat die Woord sê nie, maar sy eie interpretasie.

### **Die Merk van die Dier**

In baie geloofsgenootskappe word daar geleer dat elkeen wat diens hou op 'n Sondag en nie op 'n Saterdag, volgens die wet nie, behoort aan die antichris. Hulle beroep hulle op Openbaring 14: 6-13 en sê: "Wie op 'n Sondag aanbid, het die merk van die dier en gaan gepynig word tot in alle ewigheid". Dit is 'n slegte, arbitrêre interpretasie, nie net omdat dit vals is nie – want daar is niks geskryf aangaande Sondag nie – maar ook omdat dit die aandag aftrek van die ding wat regtig saak maak. Wanneer dit iets is so belangrik soos die merk van die dier, naamlik, die direkte kenteken van die Antichris, dan moet daar meer aandag gegee word aan al die Skrifte waar daar daarvoor gepraat word, om dan die algehele en absolute bybelse betekenis te bekom. Enige arbitrêre interpretasie van 'n paar onverskillig-toegepaste bybel-gedeeltes is die werk van die vyand. Dit verg ware openbaring wat die ware betekenis voortbring deur net dit uit die Bybel aan te haal, waartoe dit behoort.

Openbaring 13 verse 11-18, verduidelik die gebeure van die finale tyd en dui aan dat die merk van die dier die "nommer van 'n mens" is en nie die getal van 'n dag nie. Die getal van die "Supermens" is selfs vir ons bereken: 666. Sedert die tyd van die Reformasie is VICARIUS FILII DEI al geïdentifiseer daarvoor en spesifiek op die pous toegepas.

Daar is nie 'n enkele Skrif wat sê dat aanbidding op 'n Sondag, die teken van die dier is nie. Daar is ook nie enige plek wat aandui, dat enigiemand wat op Saterdag aanbid, die seël van God het nie, soos sommige beweer. Dit is inderdaad menslike leringe en totaal onbybels. Die seël van God word volgens die Skrif op die ware gelowiges deur die Heilige Gees geplaas (2Kor. 1: 21-22; Efé. 1:13; Efé. 4:30).

As beweerde basis vir die argument, verwend hulle hul na Daniël 7:25. Dit word egter buite konteks geneem, omdat dit verwys na die vooraf vasgestelde eindtyd waarin die volk Israel, ná die beëindiging van die verbond (Dan. 9:27), wat deur die antichris verbreek sal word na drie en 'n half jaar: *"En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste, en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd"* (Dan. 7:25). Wat Daniël gesien het, het nie betrekking op die nasies nie, maar is wat deur Israel ervaar sal word (Dan. 10:14).

Ons moet elke bybelteks lees tot aan die einde en dit laat in daardie konteks, waar dit werklik behoort. Diegene wat byvoorbeeld Daniël 7 verse 23-27 lees, sal duidelik sien dat dit handel oor die laaste tydsbestek, die drie-en-'n-half-jaar van verdrukking, wat gevolg word deur die koninklike heerskappy: *"Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die*

*heiliges van die Allerhoogte" (v.27). Aangaande die tydperk vir Israel, wat ook gaan oor die merk van die dier, word gesê, "Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas, hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar. En ek het 'n stem uit die hemel aan my hoor sê: Skryf: salig van nou af is die dode wat in die HERE sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werke volg met hulle" (Openb. 14: 12-13).*

Die bewering dat Sondag deur die Rooms-Katolieke Kerk ingestel was, is onwaar. In die dae van ons opgestane HERE en die apostels en al die getroues in die vroeë Christendom, was die eerste dag van die week reeds die vergaderdag. Die aanwysing "Dag van die Son" het egter 'n heidense oorsprong. Dus is die naam van die eerste dag onbybels, maar nie die dag self nie. Die waarheid is dat die haat van die staatskerk teenoor die Jode in die derde eeu so groot was dat die Jode uiteindelik vervloek was as Christus moordenaars en saam met die Sabbat verwerp was. In die jaar 321, selfs voor die staatskerk as 'n organisasie gestig was, was 'n bevel uitgereik van Keiser Konstantyn, waarin Jode verbied was om Sabbatdag te vier en gebied was om Sondag as aanbiddingsdag te eerbiedig. Sondag-aanbidding was 'n verpligte instelling gemaak vir alle inwoners van die Romeinse Ryk. So was die ou-testamentiese volk van God, aan wie Hy self die Sabbat gegee het as 'n verordening, se aanbidding gewetenloos verwerp en was hulle aan gruwelike vervolging, ballingskap en selfs die dood onderwerp. Hierdie verordeninge is egter die werk van godsdienstige mense van die kerk en is absoluut verwerplik. Aan die ander hand, het niemand die reg om die Sabbatviering op die nuwe-testamentiese Gemeente af te dwing nie. Ons is nie verplig om die Sabbat of die Sondag te aanbid nie; as begenadigdes lewe ons in vryheid as kinders van God.

Ook elkeen wat Sondag verkondig as die "dag van die HERE", is geestelik blind. In die Ou en Nuwe Testament word "*dag van die HERE*" baie keer beskryf (Joël 2:31; Hand 2: 20; ens.). So is gesê dat die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die "*dag van die HERE*" kom. Die "*Dag van die HERE*" sal kom soos 'n dief in die nag (1Thess. 5: 1-3; ens). Openbaring 1 vers 10 verwys ook na die "*Dag van die HERE*" en nie na 'n Sondag nie. Johannes het nie op Patmos gesien wat gaan gebeur een Sondag nie, maar wat sal gebeur in die "*Dag van die HERE*", soos beskryf word in die daaropvolgende hoofstukke.

Merkwaardig is die feit dat God nie uit die nasies Joodse Christene maak nie, maar kinders van God. Hulle word gelei deur die Gees van God. Natuurlik maak Hy ook nie van die Jode heidense Christene nie. Eintlik is daar geen "Joodse Christene" of "heidense Christene" nie – daar is net bybel-gelowige Jode en heidene wat wedergebore kinders van God is. Alles moet volgens God se verordeninge wees.

Alhoewel diegene wat die Sabbat as die sewende dag beoefen dit ernstig en opreg doen, bly dit nogtans bloot net die letter van die wet. Om Sy rus in te gaan, benodig openbaring, wat net deur genade aan God se eie gegee word.

Ons hoop almal verstaan wat hierin kortliks uitgelê word. Almal kan nie leermeesters wees nie (Jak. 3:1). God het self apostels, profete en leraars in Sy Gemeente aangestel (1Kor. 12:28; Efé. 4:11). Hulle leer nou presies dit wat ook geleer was in die vroeë Christendom. Elke bybelse onderwerp moet streng ingevolge die Skrif geag word. Paulus kon self vertel hoe hy as 'n leraar geroep is (1Tim. 2:7; 2Tim. 1:11).

So weet ons dat alle ware diensknegte van God, die leringe van die apostels volgens die Skrif verkondig, net soos dit in die nuwe-testamentiese Gemeente verorden was. Elkeen moet vashou aan wat in die Skrif duidelik en eerlik agtergelaat is en elke interpretasie vergeet. Geseënd is die prediker wat die Woord van die waarheid reg verdeel en ook elkeen wat tereg glo!

Tot die instelling van die Wet, was daar geen Sabbat viering nie. Die Sabbat was ingebring in die tyd van Israel. Nou is ons in die tydperk van die nasies, waarna die duisendjarige Vredesryk volg. Mag die HERE God genade gee dat ons net leer wat deur God self geleer word en om net te spreek wat God duidelik deur sy Woord spreek. Mag almal net hoor wat die Gees van God deur God se Woord sê.

Hoewel die Bybel duidelik praat oor die onderskeie onderwerpe, is die letter daarvan nie genoeg nie; alles moet altyd aan die lig gebring word deur die Gees. Daar is absoluut geen sin daarin om tyd te mors met argumenterings en besprekings nie. Wie nie deur die Woord geleer kan word nie, sal ongeleerd bly. Ons kan net sê: "Mag Israel as die volk van God van die Ou Testament doen wat God sê hy moet doen. En mag die kinders van God van die Nuwe Verbond, Hom laat doen met ons wat aan ons nagelaat is in Sy Woord met die stigting van die nuwe-testamentiese Gemeente". Welgeluksalig is die volk van Israel en die geseënde Gemeente van die nasies in die naam van die HERE Jesus Christus! Amen.

Hierdie boekie is direk vertaal uit die Duitse taal. Sou u belangstel om meer oor hierdie onderwerp of enige ander bybel-onderwerpe te hoor, kan u ons gerus kontak by enige van die volgende punte:

Most of the publications are also available in English, French, German, Italian, Polish, Portugese, Romanian, Russian, Spanish and some also in Swahili. These may be obtained directly from:

Mission Center  
P.O. Box 100707  
47707 Krefeld  
Germany

Homepage: <http://www.freie-volksmission.de>  
E-mail [volksmission@gmx.de](mailto:volksmission@gmx.de)

Phone: +49-2151-545151

© by the author and publisher E. Frank